20 MAART 2020
HERDERSBRIEF #7

Geliefde Gemeente,

Daar is soveel gebeure, waaroor nie een van ons beheer het nie. Daar is soveel omstandighede wat ons beproef. Daar is soveel gedagtes wat soos onkruidsaad, deur die siele-vyand gesaai word. Daar is soveel reaksies wat gesindhede skep en optrede beïnvloed. Daar is soveel voornemens en gepaardgaande besluitneming, wat gesindhede skep en gesindhede openbaar. Gebeure wat op ons af geforseer word, waarmee ons gekonfronteer word, wat alle bostaande ontlok.

***Lukas 21*** bring al hierdie aspekte onder ons aandag, maar veral word in ***vers 28*** uitgelig as wat behoort te wees: ***"as hierdie dinge gebeur, kyk dan na bo hef julle hoofde op."***

Koning Dawid staan by die graf van sy seuntjie: hy is 'n tipiese Ou Testamentiese voorbeeld van hierdie waarheid; hy kyk nie af in die graf nie, hy sien nie die dood nie, hy kyk op, want deur op te kyk sien hy lewe. Die feit dat Christus in ons leef, het 'n daadwerklike invloed op ons liggaamstaal. Die uitdrukking in ons oë, en ons woordkeuse. Ons is egter nie altyd in oorwinning nie, en periodiek wil en sal die ou mens in ons geopenbaar word. Dan, het ons 'n behoefte aan genade: genade teenoor onsself, om eerlik teenoor onsself te wees; genade om erkentlik te wees, en die weg van belydenis en vergiffenis te volg.

Dit is die ***"wysheid"*** om volgens ***Jak. 5:16*** die rigting van oorwinning te kies: ***"Bely mekaar julle misdade sodat julle gesond kan word."*** Dit is waarom **1 Joh. 1:9** so belangrik is: ***"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."***

Waak teen die volgende:

Om jou te onttrek – in watter opsig ook al – en om in stilte, jou van kommunikasie te weerhou.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Die belangrikste egter is:

***"O, stort dit nou uit in my siel:***
***die liefde van Immanuel,***
***o' stort dit nou uit in my siel."***

Die liefde hoop alles; glo alles; ***bedek alles***.

Verlangende groete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335